

Idiom wyne open hul nuwe restaurant in Junie 2016



'n Sensoriese Ervaring

Om tien oesjare van volronde, wen-wyne van Idiom te vier, het die Bottega-familie pas 'n nuwe sensoriese avontuur van stapel gestuur, met die onthulling van 'n inspirerende ruimte heelbo in hul bergwingerde aan die buitewyke van Somerset-Wes.

Die **Idiom Restaurant & Wynproesentrum** bied unieke, panoramiese uitsigte van die majestueuse Helderberg-kom en die uitgestrekte Kaapse Skiereiland, van Tafelberg tot Kaappunt, met 'n glinsterende Valsbaai in die voorgrond.

Hierdie nuwe bestemming nooi besoekers om die nuwe tuiste van Idiom wyne te geniet. Maak jouself tuis in die 60 sitplek restaurant wat oorfloei in die wynproe-kubus en bederf jouself deur te proe aan Idiom se vlagskip versnitte, spesialiteit Italiaanse variëteite en raar oesjare van Idiom se ryk Limited Release 900-reeks.

Die gebou is meesterlik ontwerp deur argitek Thomas Leach, in noue samewerking met Idiom-eienaar, Alberto Bottega en sy seun, Roberto.

“Dit versmelt Ou Wêreldse, klassieke-styl Romeinse boë en klipbedekte portieke, met 'n Nuwe Wêreld houtpawiljoen en beton wynproe-kubus om 'n kontemporêre, dog tydlose, gevoel te skep,” verduidelik Thomas.

Die dramatiese struktuur is stille getuie van die karakter van Idiom Wyne en bring veelvuldige aspekte van die terroir na die ruimte. Dit is 'n moderne metafoor wat die natuur met 360 grade uitsigte vlei en die verskeie natuurlike aspekte van die uitgestrekte wingerde en berge, vloei soomloos in die ruimte in – soos kuns of goeie wyn.

“Een van my gunsteling sigte is om terug te kyk na die gebou, van onder van die basis af. Van hierdie hoek toring die pragtige pieke van die Hottentots-Holland reeks oor ons mensgemaakte struktuur en herinner ons dat die natuur altyd die laaste woord inkry,” voeg Roberto by.




Die bestemming, wat sy deure in Junie open, bied 'n restaurant met 'n versmelting van Italiaanse- en Suid-Afrikaanse cuisine met 'n moderne kinkel, alles gepasmaat met die uitgebreide Idiom wyn-aanbieding. Gaste sal op 'n virtuele toer van die wêreld se voorste wynstreke gaan, wat almal slim tot uiting kom in 'n 'Cape Idiom', terwyl hulle die asemrowende argitektuur en omgewing inneem. 'n Luukse produktewinkel waar Idiom se raar parfums en eksotiese leerhandsakke gekoop kan word, is ook in die ruimte ingelyf.

Hoewel die restaurant met 'n seisoenale a la carte spyskaart vir bespreekte gaste voorsiening sal maak, sal 'n spesiaal-ontwerpte canapé spyskaart vir onverwagse wynproewers aangebied word

In die warmer somermaande sal gaste 'n piekniekmandjie by die deli kan bestel en onder die grasdak lapas op die dennebos-koppie, wat omraam word met 'n asemrowende agtergrond van fynbos-, wingerd- en oseaanprag, uitspan vir die dag.

Die deli-gedeelte word teen die lente geopen met 'n Italiaanse Wyn-ervaring-area wat die familie se Vinotria.co.za ingevoerde Italiaanse wynprojek sal vertoon, tesame met hul plaaslik-vervaardigde Idiom Wyne, wat daarop gemik is om die publiek se bewustheid van Italiaanse variëteite en -wyne te verbreed.



'n Ligging wat al die sintuie stimuleer

Vir diegene wat hou van verken en besonderse plekke in die Helderberg wynlande ontdek, bied Da Capo Wingerde, die tuiste van Idiom Wyne in die suidelikste deel van die Stellenbosch wynstreek, naby Sir Lowry's Pas, dramatiese hoogtes en uitsigte.

Onlangse toevoegings van Spaanse variëteite, maak Idiom 'n unieke bestemming en bied die geleentheid om die Kaapse weergawes van die uitstekende wyne van Frankryk, Italië en Spanje in een plek te proe.



Die sjef – Irwin de Vries, komende van 5 ster eiendomme met fynproewer getuigskrifte in Morukuru se AtholPlace in Johannesburg en Sir Richard Branson se Ulusaba Privaat Wildsreservaat in die Sabi Sand-reservaat, is gekies om baie nou met Silvana (Alberto se dogter) te werk – om die duidelike visie vir die Idiom sensoriese- en visuele eet-ervaring wat hulle op elke bord wil skep, tot uiting te bring.

“My passie om die elemente van reuk en geur vir gaste af te breek, was nie net die vonk om ’n wynparfuum te skep en my studies in parfuum voort te sit nie, dit het my ook gehelp om die regte sjef te kies, wat my visie van die sensoriese- en visuele ervaring asook die ekspressiewe aard van Idiom sal vergestalt,” verduidelik Silvana.

Irwin is ’n kulinêre kunstenaar, wat sy bord as kunsdoek inspan en is gevra om kos te skep wat in ware Idiom-styl uitdrukkingsvol is; goed met wyn gepasmaat kan word en terselfertyd die sintuie uitdaag.

Kontak Tel: 021 204 1059 vir Idiom wynproe- en restaurantbesprekings. Vir verdere navrae, besoek www.idiom.co.za